

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

S T U D Y

You have Downloaded, yet Another Great  
Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexamapers.co.za](http://www.saexamapers.co.za)



SA EXAM  
PAPERS



# **basic education**

**Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MEGANIESE TEGNOLOGIE**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.**

**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- |      |     |                    |
|------|-----|--------------------|
| 1.1  | C ✓ | (1)                |
| 1.2  | B ✓ | (1)                |
| 1.3  | D ✓ | (1)                |
| 1.4  | D ✓ | (1)                |
| 1.5  | A ✓ | (1)                |
| 1.6  | C ✓ | (1)                |
| 1.7  | D ✓ | (1)                |
| 1.8  | D ✓ | (1)                |
| 1.9  | B ✓ | (1)                |
| 1.10 | D ✓ | (1)                |
| 1.11 | D ✓ | (1)                |
| 1.12 | C ✓ | (1)                |
| 1.13 | B ✓ | (1)                |
| 1.14 | B ✓ | (1)                |
| 1.15 | A ✓ | (1)                |
| 1.16 | C ✓ | (1)                |
| 1.17 | A ✓ | (1)                |
| 1.18 | C ✓ | (1)                |
| 1.19 | D ✓ | (1)                |
| 1.20 | B ✓ | (1)<br><b>[20]</b> |

## VRAAG 2: VEILIGHEID

### 2.1 Veiligheid – Senterdraaibank

- Wees op die uitkyk vir roterende werkstukke ✓
- Moenie snyseels met jou hand verwyder nie ✓
- Wees versigtig om nie die snygereedsap in die kloukop in te beweeg nie ✓
- Moenie enige verstellings aan die werkstuk doen terwyl die masjien loop nie ✓
- Moenie gereedskap op die masjien los tydens werking nie✓

(Enige 2 x 1) (2)

### 2.2 Veiligheid – Trektoetser

- Gebruik 'n veiligheidsbril ✓
- Moenie oormatige druk toepas nie ✓
- Toetsstuk moet behoorlik vas wees vir toetsing ✓
- Gaan hidrouliese-vloeistofvlak na ✓

(Enige 2 x 1) (2)

### 2.3 Veiligheid – Veertoetser

- Veertoetser moet in 'n goeie toestand wees ✓
- Veertoetser moet korrek en stewig monteer wees ✓
- Maak seker dat die veer nie uit posisie kan glip voordat die las toegepas word nie ✓
- 'n Egalige las moet toegepas word ✓
- Verlig die las versigtig en egalig ✓

(Enige 2 x 1) (2)

### 2.4 Veiligheid – Silinderlekkasietoetser

- Maak die area om die vonkprop skoon, voordat die vonkprop verwyder word ✓
  - Voorkom dat vuilheid in die silinder beland. ✓
- Wees versigtig wanneer die verkoelerdop verwyder word ✓
  - Die water kan warm en onder druk wees. ✓
- Moenie die voorgeskrewe druk oorskry om die silinder te toets nie ✓
  - Om skade aan seëls en toetser te voorkom. ✓
- Die toetser moet behoorlik pas en deeglik in die vonkprop- of inspuitergat vasgedraai word. ✓
  - Om skade aan die toetser en vonkprop- of inspuitergat te voorkom. ✓

(Enige 2 x 2)

(4)  
[10]

### VRAAG 3: GEREEDSKAP EN TOERUSTING

#### 3.1 Kompressietoets

- |       |  |                   |
|-------|--|-------------------|
| 3.1.1 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nat kompressietoets ✓</li> <li>• Droë kompressietoets ✓</li> </ul>  | (2)               |
| 3.1.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geslete silinders ✓</li> <li>• Geslete suierringe ✓</li> <li>• Geslete suier ✓</li> <li>• Lekkende inlaatklep ✓</li> <li>• Lekkende uitlaatklep ✓</li> <li>• Lekkende silinderkoppakstuk ✓</li> </ul> | (Enige 2 x 1) (2) |

#### 3.2 Oliepomp

- Oliedruktoetser of oliedruktoetser ✓
- (1)

#### 3.3 Verkoelingstelseltoets

- Verwyder verkoelerdop en pas die toetser ✓
  - Pomp lug teen die voorgeskrewe druk in die stelsel ✓
  - Noteer die lesing ✓ en as die lesing verlaag, is dit 'n aanduiding van 'n lekkende stelsel. ✓
  - Om te toets vir lekkende silinderkoppakstuk, ✓ word die enjin aangeskakel. ✓
  - As die lesing merkbaar toeneem terwyl die enjin luier, is dit 'n aanduiding van 'n lekkende silinderkoppakstuk. ✓
- (7)  
[12]

**VRAAG 4: MATERIALE****4.1 Yster-koolstof-eienskappe****4.1.1 Perliet:**

- Goeie smeebaarheid ✓
- Hard ✓
- Sterk en taai ✓
- Weerstand teen vervorming ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**4.1.2 Sementiet:**

- Baie hard ✓
- Bros ✓

(2)

**4.2 Kritieke punte****4.2.1 AC<sub>1</sub> – laer kritieke punt**

- Die laagste temperatuur waartoe staal verhit moet word om verhard te word. ✓✓
- Laagste temperatuur waarteen die struktuur begin verander. ✓✓

(Enige 1 x 2) (2)

**4.2.2 AC<sub>3</sub> – hoër kritieke punt**

- Hoogste temperatuur waartoe staal verhit kan word om die hoogste hardheid te bereik. ✓✓
- Die temperatuur waarteen staal sy magnetiese eienskappe geheel en al verloor. ✓✓
- Die temperatuur waarteen die struktuur op sy fynste is. ✓✓

(Enige 1 x 2) (2)

4.3 Koolstofinhoud bepaal die hardheid van staal. ✓ (1)

4.5 Ferrietstruktuur in staal bepaal die smeebaarheid. ✓ (1)

4.6 Oosteniet is 'n soliede oplossing van yster en koolstof wat ook ysterkarbied genoem word. ✓ Die struktuur is op sy fynste ✓ (2)

[13]

## VRAAG 5: TERMINOLOGIE

### 5.1 Ratberekening

5.1.1 Sirkelsteek =  $m \times \text{f}$

$$\begin{aligned} \text{module} &= \frac{\text{Steeksirkel}}{\text{f}} && \checkmark \\ &= \frac{12,567}{\text{f}} && \checkmark \\ &= 4 \text{mm} && \checkmark \end{aligned} \quad (3)$$

5.1.2 Buitediameter =  $\text{SSD} + 2m$

$$\begin{aligned} \text{SSD} &= \text{BD} - 2m && \checkmark \\ &= 112 - 2(4) && \checkmark \\ &= 104 \text{mm} && \checkmark \end{aligned} \quad (3)$$

5.1.3 Snydiepte =  $2,57m$       Snydiepte =  $2,25m$

$$\begin{aligned} \text{Snydiepte} &= 2,157 \times 4 && \text{of} && \text{Snydiepte} = 2,25 \times 4 \\ &= 8,628 \text{mm} && && = 9 \text{mm} \\ &= 8,63 \text{mm} && && \checkmark \end{aligned}$$

(2)

5.1.4 Addendum =  $m$

$$= 4 \text{mm}$$

(1)

5.1.5 Dedendum =  $1,157m$

$$= 1,157 \times 4$$

$$= 4,628 \text{mm}$$

$$= 4,63 \text{mm}$$

Dedendum =  $1,25m$

$$= 1,25 \times 4$$

$$= 5 \text{mm}$$

(2)

5.1.6 Vryruimte =  $0,157m$

$$= 0,157 \times 4$$

$$= 0,628 \text{mm}$$

Vryruimte =  $0,25m$

$$= 0,25 \times 4$$

$$= 1 \text{mm}$$

(2)

5.1.7 module =  $\frac{\text{PCD}}{\text{Tande}}$

$$\text{Tande} = \frac{\text{PCD}}{m}$$

$$= \frac{104}{4}$$

$$= 26 \text{ tande}$$

(3)

## 5.2 Indeksering

$$\begin{aligned}
 \text{Indeksering} &= \frac{40}{n} && \checkmark \\
 &= \frac{40}{26} \\
 &= \frac{40}{26} \div \frac{2}{2} && \checkmark \\
 &= \frac{20}{13} \\
 &= 1\frac{7}{13} \times \frac{3}{3} && \checkmark \\
 &= 1\frac{21}{39} && \checkmark
 \end{aligned}$$

Indeksering = 1 volle draai van die indeksslinger en 21 gate op die 39 gatsirkel. (4)

## 5.3 Skroefdraadsny

- Stel die werkstuk in die senterdraaibank op en draai tot op die buitediameter van die draad. ✓
- Stel die saamgesteldeslee op  $30^\circ$  na regs en stel die beitel akkuraat in die beitelhouer. ✓
- Raadpleeg die indeksplaas van die snelwisselratkas vir 'n 2 mm-steek en skuif die hefbome dienooreenkomstig. ✓
- Skakel die senterdraaibank aan en stel die snybeitel op raakpunt op die werkstuk. Stel die gegradeerde wyserplate op nul (dwarstoever en saamgesteldeslee) ✓
- Beweeg die snybeitel 'n kort afstand van die werkstukpunt af en voer die saamgesteldebeitelslee so 0,06 mm inwaarts. ✓
- Met die senterdraaibank wat roteer, laat die halfmoere op die korrekte lyn van die draadsnywyserplaat inkam, vir die eerste snit. ✓
- Onttrek die snybeitel aan die einde van die snyproses en ontkoppel die halfmoere. Bring die slee terug na die beginpunt van die skroefdraad. **OF** stop die draaibank, hou halfmoere gekoppel, bring dwarsslee terug na nulpunt en gebruik die trubeweging van die kloukop om saal na beginposisie terug te beweeg. ✓
- Gaan die skroefdraadsteek met 'n skroefdraadsteekmeter na. ✓
- Herhaal die snyproses met daaropvolgende snitte totdat die skroefdraad voltooi is. (Onthou om die dwarstoever na elke snit na nul terug te bring) ✓
- Elke daaropvolgende snit word deur middel van die saamgestelde beitelslee gestel. Gaan skroefdraad met ringmaat na. ✓

(10)  
[30]

## VRAAG 6: HEGTINGSMETODES

### 6.1 MIGS/MAGS-sweistoerusting

6.1.1 MIG/MAGS-sweistoerusting ✓ (1)

#### 6.1.2 Benoem

- A = Skermgassilinder ✓
- B = Reguleerder ✓
- C = Gasvloeimeter ✓
- D = Ononderbroke draadkatrol ✓
- E = Sweispistool ✓
- F = Boog ✓
- G = Aardklamp ✓

(7)

#### 6.1.3 Doel

Voorkom dat suurstof met die gesmelte metaal in aanraking kom.✓ (2)

### 6.2 Sweisdefekte

#### 6.2.1 Defek: Slakinsluiting

##### Oorsake:

- Ingesloten hoek is te klein. ✓
- Vinnige afkoeling. ✓
- Sweistemperatuur is te laag. ✓
- Hoë viskositeit van gesmelte metaal. ✓
- Slakte van vorige sveisloopies nie verwys nie. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

#### 6.2.2 Defek: Insnyding

##### Oorsake:

- Foutiewe elektrodemanipulasie. ✓
- Stroom te hoog. ✓
- Te lang booglengte. ✓
- Sveispoed te vinnig. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

## 6.3 Sweisdefekte

### 6.3.1 Defek: Gebrekkige smelting

#### Voorkoming:

- Pas die elektrodehoek aan en berei die V-groef behoorlik voor. ✓
- Weefaksie moet voldoende wees om die kante van die las te smelt. ✓
- Voldoende stroom sal smelting bewerkstellig. ✓
- Pas swisspoed aan om smelting te verseker. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

### 6.3.2 Defek: Sweiskraters

#### Voorkoming:


- Gebruik laer stroom. ✓
- Gebruik behoorlike sveistegniek. ✓
- Gebruik korrekte elektrode ✓

(Enige 2 x 1) (2)

## 6.4 Kleurstofdeurdringingstoets

- Maak die sveisoppervlak wat getoets moet word, skoon. ✓
- Kleurstof word op skoon oppervlak gesprei. ✓
- Laat die kleurstof toe om sveislas in te dring. ✓
- Oortollige kleurstof word met skoonmaakmiddel verwijder. ✓
- Laat oppervlak om behoorlik droog te word. ✓
- Sprei 'n ontwikkelaar oor die oppervlak om die vasgekeerde kleurstof in die krake duidelik sigbaar te maak. ✓
- Die kleurstof toon al die oppervlakdefekte. ✓

(7)  
[25]

**VRAAG 7: KRAGTE****7.1 Resultant**

$$\begin{aligned}
 7.1.1 \sum HC &= 4,7 - 3,1\cos 50^\circ - 1,5\cos 40^\circ && \checkmark \checkmark \checkmark \\
 &= 4,7 - 1,99 - 1,15 && \checkmark \\
 &= 1,56 \text{ kN} &&
 \end{aligned}$$


$$\begin{aligned}
 7.1.2 \sum VC &= 2,1 + 1,5\sin 40^\circ - 3,1\sin 50^\circ && \checkmark \checkmark \checkmark \\
 &= 2,1 + 0,96 - 2,37 && \checkmark \\
 &= 0,69 \text{ kN} &&
 \end{aligned}$$

**7.1.3**

Horisontale komponente	Groottes	7.1.4 Vertikale komponente	Groottes
4,7 kN	4,7 kN ✓	2,1 kN	2,1 kN ✓
3,1 kN Cos50°	-1,99 kN ✓	1,5 kN Sin40°	0,96 kN ✓
1,5 kN Cos40°	-1,15 kN ✓	3,1 kN Sin50°	-2,37 kN ✓
<b>TOTAL</b>	<b>1,56 kN ✓</b>	<b>TOTAL</b>	<b>0,69 kN✓</b>

$$\begin{aligned} E^2 &= HK^2 + VK^2 & \checkmark \\ E &= \sqrt{1,56^2 + 0,69^2} & \checkmark \\ E &= 1,71 \text{ kN} \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \tan \phi &= \frac{VK}{HK} & \checkmark \\ &= \frac{0,69}{1,56} & \checkmark \\ \phi &= 23,86^\circ & \checkmark \\ E &= 1,71 \text{ kN} \text{ teen } 23,86^\circ \text{ noord van oos} & \checkmark \end{aligned}$$



(15)

## 7.2 Spanning en Vormverandering

### Kragte

$$\begin{aligned} \text{Krag} &= \text{las} \times \text{gravitasie} & \text{Area} &= \frac{F^2}{D^4} \\ &= 600 \times 10 & &= \frac{F \times 0,016^2}{4} & \checkmark \\ &= 6000 \text{ N} & &= 2,011 \times 10^{-4} \text{ m} & \checkmark \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} \text{Spanning} &= \frac{\text{Krag}}{\text{Oppervlakte}} & \checkmark \\ &= \frac{6000}{2,011 \times 10^{-4}} & \checkmark \\ &= 29841551,83 \text{ Pa} & \checkmark \\ &= 29,84 \text{ MPa} & \checkmark \end{aligned}$$

(6)

- 7.3 Een Pascal (1 Pa) is gelyk aan een Newtonkrag (1 N) ✓ toegepas op ✓ 'n area van een vierkante meter (1 m<sup>2</sup>) ✓

(3)

## 7.4 Reaksies

Neem moment om A

$$\curvearrowleft = \curvearrowright$$

$$(B \times 3,5) + (1400 \times 0,7) = (350 \times 6,7)2,65 + (1600 \times 6) \quad \checkmark$$

$$3,5B + 980 = 6214,25 + 9600 \quad \checkmark$$

$$\frac{3,5B}{3,5} = \frac{6214,25 + 9600 - 980}{3,5} \quad \checkmark$$

$$B = 4238,36 \text{ N}$$

Neem moment om B

$$\curvearrowright = \curvearrowleft$$

$$(A \times 3,5) + (1600 \times 2,5) = (350 \times 6,7)0,85 + (1400 \times 4,2) \quad \checkmark$$

$$3,5A + 4000 = 1993,25 + 5880 \quad \checkmark$$

$$\frac{3,5A}{3,5} = \frac{1993,25 + 5880 - 4000}{3,5} \quad \checkmark$$

$$A = 1106,64 \text{ N}$$

(6)  
[30]

**VRAAG 8: INSTANDHOUDING****8.1 Roetine instandhouding**

- Skeur in die band. ✓
- Wanbelyning van bandaandrywing. ✓
- Oorverhitting van komponente. ✓
- Bandglip. ✓
- Bandslytasie. ✓
- Katrolslytasie. ✓
- Finansiële verliese as gevolg van skade gely. ✓
- Verlies aan kosbare produksietyd. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**8.2 Snyvloeistof**

- Om maklike vloei toe te laat ✓
- Absorbeer oortollige hitte ✓
- Voorkom oormatige las op pomp ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**8.3 Flitspunt**

Die laagste temperatuur waarteen die olie damp afgee wat aan die brand kan slaan. ✓✓

(2)

**8.4 'API'**

'American Petroleum Institute' ✓✓

(2)

**8.5 Outomatieseratkas-olie**

- Dra krag in die koppelomsitter oor ✓
- Laat hidrouliese vloeistof energie oordra om sodoende verskillende onderdele, soos die servosilinder, te laat beweeg. ✓
- Dien as hitte-oordragmedium, om hitte binne die transmissiestelsel na buite te dra, om sodoende met die afkoeling te help. ✓
- Dien as smeermiddel vir ratte en laers. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**8.6 Vervang band**

- Masjien moet afgeskakel en gesluit wees. ✓
- Verlig spanning in die band deur middel van die verstelskroef of bandverspanner. ✓
- Verwyder die band. ✓
- Vervang met nuwe band van korrekte tipe en grootte. ✓
- Die band moet gespan en belyn word. ✓

(5)  
[15]

**VRAAG 9: STELSELS EN BEHEER****9.1 Rataandrywing****9.1.1 Rotasie frekwensie van die elektriese motor:**

$$\frac{N_A}{N_D} = \frac{T_B \times T_D}{T_A \times T_C} \quad \checkmark$$

$$N_A = \frac{80 \times 63 \times 2}{30 \times 40} \quad \checkmark$$

$$N_A = \frac{10080}{1200} \quad \checkmark$$

$$N_A = 8,4 \text{ r/s} \quad \checkmark \checkmark \quad (5)$$

**9.1.2 Spoedverhouding van ratstelsel:**

$$\text{Spoedverhouding} = \frac{\text{Inset}}{\text{Uitset}} \quad \text{Spoedverh} = \frac{\text{Gedrewe tanden}}{\text{Drywertande}}$$

$$= \frac{8,4}{2} \quad \checkmark \quad \text{OF} \quad = \frac{80}{30} \times \frac{63}{40}$$

$$= 4,2 : 1 \quad \checkmark \quad = 4,2 : 1 \quad (2)$$

**9.2 Bandaandrywing****9.2.1 Diameter van die gedrewe katrol**

$$N_1 \times D_1 = N_2 \times D_2$$

$$N_1 = \frac{N_2 \times D_2}{D_1} \quad \checkmark$$

$$= \frac{7,2 \times 600}{800} \quad \checkmark$$

$$= 5,4 \text{ r/s} \quad \checkmark \quad (3)$$

**9.2.2 Drywing oorgedra:**

$$P = (T_1 - T_2) \frac{F}{D_n}$$

$$P = (300 - 120) \times 0,6 \times 7,2 \\ = 2442,90 \text{ Watt} \\ = 2,44 \text{ kW}$$

$$\frac{T_1}{T_2} = 2,5$$

$$T_2 = \frac{300}{2,5} \\ = 120 \text{ N}$$

**OF**

$$P = (T_1 - T_2) \frac{F}{D_n}$$

$$P = (300 - 120) \times 0,8 \times 5,4 \\ = 2442,90 \text{ Watt} \\ = 2,44 \text{ kW}$$

$$\frac{T_1}{T_2} = 2,5$$

$$T_2 = \frac{300}{2,5} \\ = 120 \text{ N}$$

(3)

**9.3 Die volume van gas kan verander word deur die verandering van ...**

- sy druk ✓
- sy temperatuur ✓
- beide sy druk en temperatuur ✓

(Enige 2 X 1) (2)

**9.4 Definisie van Boyle se wet:**

Die volume van 'n gegewe massa✓ van gas is omgekeerd eweredig aan die druk✓ daarop as die temperatuur konstant bly.✓

(3)

## 9.5 Hidroulika

### 9.5.1 Vloeistofdruk

$$A_B = \frac{F}{4}^2$$

$$= \frac{F}{4}^2$$

$$= 0.04^2$$

$$= 1,26 \times 10^{-3} \text{ m}^2 \quad \checkmark$$

$$P_B = \frac{F}{A_B}$$

$$= \frac{80}{1,26 \times 10^{-3}} \text{ Pa} \quad \checkmark$$

$$= 63661.98 \text{ Pa} \quad \checkmark$$

$$= 63,66 \text{ kPa} \quad \checkmark \quad (3)$$

### 9.5.2 Diameter van suier B

$$P_B = P_A$$

$$P_B = \frac{F_B}{A_B} \quad \checkmark$$

$$A_B = \frac{F_B}{P_B}$$

$$A_B = \frac{320}{63492,06}$$

$$A_B = 5,04 \times 10^{-3} \quad \checkmark$$

$$A = \frac{F}{4}^2 \quad \checkmark$$

$$D_B = \sqrt{\frac{A_B \times 4}{\pi}}$$

$$= \sqrt{\frac{5,04 \times 10^{-3} \times 4}{\pi}}$$

$$= 0,08 \text{ m} \quad \checkmark$$

$$= 80 \text{ mm}$$

(4)  
[25]

**VRAAG 10: TURBINES****10.1 Waterturbinelemme**

Om waterdruk ✓ aan die turbine ✓ te verskaf

(2)

**10.2 Terugvloei**

- Deriaz ✓
- Francis ✓

(2)

**10.3 Aanjaer**

- Roots✓
- Dubbelskroef✓
- Sentrifugale ✓
- Wiek ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**10.4 Turbo-aanjaer**

- Uitlaatgasse dryf die turbine ✓
- Die turbine dryf die kompressor deur 'n gemeenskaplike as aan ✓
- Die kompressor forseer ✓ saamgeperste lug bo atmosferiese druk in die silinder in ✓
- Uitlaatgasse verlaat die stelsel deur die uitlaatpyp ✓

(5)

**10.5 Aanjaer bo turbo-aanjaer**

- Ervaar geen vertraging of sloering nie ✓
- Meer effekief teen lae revolusies per minuut. ✓
- Verlang nie ingewikkelde uitlaat ombouings nie.✓
- Geen spesiale afsluitprosedures word verlang nie. ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**10.6 Vertraging/Sloering**

Vertraging/Sloering is die vertraging ✓ wanneer die turbo 'n ruk neem voordat druk opbou ✓ nadat die versnellerpedaal getrap is. ✓

(3)

**10.7 Aanjaeraandrywing**

- Bandaandrywing ✓
- Rataandrywing ✓
- Kettingaandrywing ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**10.8 Gasturbine – nadele**

- Koste is hoër as vir dieselfde grootte wederkerende enjin, aangesien die materiale sterker moet wees en meer weerstand teen hitte moet bied. ✓
- Vervaardigingsprosedures is ook baie meer ingewikkeld. ✓
- Gewoonlik minder effektief as wederkerende enjins, veral teen luierspoed. ✓
- Vertraagde reaksie met verandering van kragverstellings. ✓

(Enige 2 x 1)

(2)

[20]

**TOTAAL:** **200**